higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREG
NKR VLAK 3

(8021003)

2 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NC(M)

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Watter EEN van die volgende is die korrekte regsdefinisie van 'n misdadiger?

A 'n Persoon wat 'n misdaad gepleeg het
B 'n Persoon wat daarvan beskuldig word dat hy/sy 'n misdaad gepleeg het.
C 'n Persoon wat 'n misdaad gepleeg het en daaraan skuldig bevind is
D 'n Persoon wat beplan om 'n misdaad te pleeg

1.2 Watter EEN van die volgende is die korrekte definisie vir die Lus Acceptum-regsbeginsel:

A 'n Beskuldigde kan nie skuldig bevind word aan 'n misdaad tensy sy gedrag deur die reg as 'n misdaad erken word nie.
B 'n Beskuldigde kan slegs skuldig bevind word aan 'n misdaad as sy gedrag reeds as 'n misdaad herken is toe dit gepleeg is.
C Die woorde wat 'n misdaad beskryf, moet duidelik wees.
D Die hof moet die definisie van 'n misdaad eerder eng as wyd interpreteer.

1.3 Watter EEN van die volgende vrae word gebruik as die toets vir feitelike veroorsaking?

A Was die lewe of eiendom van die beskuldigde bedreig?
B Het die beskuldigde geweet wat hy doen verkeerd is?
C Indien die beskuldigde nie so opgetree het nie, sou die kriminele gevolge steeds plaasgevind het?
D Het die beskuldigde hom of haar in 'n noodgeval bevind waar daar nie 'n ander opsie was nie?

1.4 Om op 'n bevel te reageer om as gronde vir regverdiging aanvaar te word, moes die bevel …

A deur 'n persoon met 'n meer senior rang gegee gewees het.
B deel van die normale pligte van die beskuldigde wees.
C onlangs gegee gewees het.
D as 'n regsorde deur 'n redelike soldaat in die posisie van die beskuldigde gegee gewees het.

Kopiereg voorbehou

1.5 Watter EEN van die volgende is nie 'n vereiste vir s*pontane agentskap* as gronde vir regverdiging nie?

A Die beskuldigde moes nie daartoe in staat gewees het om die toestemming van die klaer te kry nie.
B Ten tye van die daad, moes die beskuldigde geglo het dat die klaer wou hê hy moet optree.
C Die bedoeling van die beskuldigde moes wees om die belange van die klaer te beskerm.
D Die belange van die klaer moes suksesvol beskerm gewees het.

1.6 Middellike aanspreeklikheid beteken …

A Die daad wat gepleeg is, is nie ernstig genoeg dat dit as 'n misdaad beskou kan word nie.
B Een persoon kan skuldig bevind word aan sekere statutêre misdade wat deur 'n ander persoon gepleeg is.
C Die gedrag van die beskuldigde het die kriminele gevolge tot gevolg gehad.
D Die hof kan slegs 'n persoon vonnis indien die gedrag deur die reg as misdaad erken word.

1.7 Watter EEN van die volgende is die korrekte definisie van sameswering?

A Ten minste twee persone kom ooreen om 'n misdaad te pleeg en die misdaad het nie plaasgevind nie.
B Een persoon moedig 'n ander persoon aan om 'n misdaad te pleeg.
C Een persoon help 'n ander persoon om ontslae te raak van die bewyse nadat hy die misdaad gepleeg het.
D Ten minste twee persone kom ooreen om 'n misdaad te pleeg en die misdaad vind wel plaas.

1.8 Watter EEN van die volgende stellings oor m*inagting van die hof* is nie korrek nie?

A Die gedrag minagting van die hof moet plaasvind terwyl die hof in sitting is.
B 'n Persoon kan minagting van die hof pleeg deur geskrewe inligting oor 'n hangende hofsaak te publiseer.
C 'n Persoon kan minagting van die hof pleeg deur 'n beledigende brief aan 'n regter oor sy werk te skryf.
D Opmerkings wat redelik, gematig en met goeie intensie gemaak is sal as aanvaarbare gronde vir regverdiging vir minagting van die hof beskou word.

Kopiereg voorbehou

1.9 Watter EEN van die volgende stellings oor die misdaad openbare onsedelikheid is nie korrek nie?

A Openbare onsedelikheid kan slegs in 'n openbare plek gepleeg word.
B Intensie is 'n vereiste vir die misdaad van openbare onsedelikheid.
C Om te toets of die optrede as openbare onsedelikheid beskou kan word, moet die hof vra of die optrede inbreuk gemaak het op die gewone persoon se morele waardes.
D Noodsaaklikheid kan aanvaarbare gronde wees vir regverdiging van openbare onsedelikheid indien 'n naakte persoon van 'n brandende huis wegvlug.

1.10 Watter EEN van die volgende stellings ten opsigte van die misdaad brandstigting is nie korrek nie?

A 'n Persoon pleeg brandstigting deur onwettig en opsetlik 'n brand te stig in sy eie versekerde huis ten einde van die versekering te eis.
B 'n Persoon pleeg brandstigting deur onwettig en intensioneel 'n brand te stig in sy buurman se huis.
C Indien 'n persoon gevang word net voor hy iemand se huis aan die brand steek, kan hy steeds van brandstigting aangekla word.
D 'n Persoon pleeg brandstigting deur onwettig en onopsetlik 'n brand te stig in sy buurman se huis.
A person commits Arson by unlawfully and intentionally setting fire to his neighbour's house.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Onderskei tussen strafreg en ander regsreëls deur 2.1–2.5 onder die korrekte opskrif in die tabel hier onder te plaas:

STRAFREG	ANDER REGSREËLS

Teken 'n soortgelyke tabel in jou ANTWOORDBOEK en skryf slegs die nommer van elke frase in die korrekte kolom.

2.1 Gerig op die beskerming van die openbare belang

2.2 Die slagoffer stel burgerlike vervolging in

2.3 Straf kan in die vorm van tronkstraf wees

2.4 Beskerming van individuele belang

2.5 Vervolging word deur die staat gedoen

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies 'n woord uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Seksuele penetrasie van 'n nader sonder toestemming	A	aanranding
3.2	Om 'n ander persoon te laat glo dat jy kragdadig teenoor hom sal optree	B	medepligtige
3.3	Om 'n vals stelling onder eed tydens strafregsprosedures te neem	C	elemente van misdaad
3.4	'n Persoon wat die pleger help om 'n misdaad te pleeg	D	verkragting
3.5	Die dele van 'n misdaaddefinisie wat bewys moet word om 'n persoon te vonnis	E	meineed

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 'n Norm kan definieer word as 'n standaard wat deur 'n bepaalde groep of gemeenskap aanvaar word en as maatstaf dien om aanvaarbare gedrag te beoordeel.

4.2 Die Grondwet van Suid-Afrika is ook 'n statutêre bron van ons strafreg.

4.3 'n Misdaad is enige verkeerde gedrag waarvoor die pleger verhoor en deur die staat gestraf word.

4.4 Indien twee of meer mense saam opgetree het en hulle optrede saam voldoen aan al die elemente wat in die definisie van 'n misdaad vervat is, sal elkeen van hulle 'n mede-pleger van daardie misdaad wees.

4.5 Indien jy 'n persoon help sonder dat jy weet dat die persoon 'n misdaad gepleeg het, is jy steeds 'n medepligtige nadat dit gebeur het.

4.6 'n persoon pleeg diefstal wanneer hy/sy eiendom steel deur onwettig en intensioneel geweld of dreigemente van geweld gebruik.

4.7 Om onwettig en opsetlik skade aan jou eie versekerde eiendom aan te bring ten einde van die versekeraar te eis, word nie as kwaadwillige beskadiging aan eiendom beskou nie.

Kopiereg voorbehou

4.8 'n Persoon pleeg manslag wanneer hy/sy onwettig en deur nalatigheid die dood van 'n ander persoon veroorsaak.

4.9 'n Persoon kan 'n kind ontvoer wanneer hy/sy die kind se ouers of voog onwettig en intensioneel verhoed om beheer oor daardie kind uit te oefen.

4.10 'n Ongebruikte voertuig sonder 'n ratkas is 'n motorvoertuig vir die doel van die misdaad om met uitermate alkohol in die bloed te bestuur.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Daar is DRIE situasies wanneer die hof sal aanvaar dat 'n beskuldigde in dwelms gehandel het, naamlik:

- Die gewone betekenis van 'handel in'
- Die wyer betekenis van 'handel in' en
- Ander situasies.

Gee EEN voorbeeld van elke situasie. (3)

5.2 Identifiseer DRIE gevalle waar mens persoonlike beskerming kan toepas. (3)

5.3 Gee 'n kort beskrywing van elk van die TWEE vorms van Mens Rea. (10)

5.4 Verduidelik kortliks die verhouding tussen versuim as 'n vorm van optrede en regsplig. (2)

5.5 Een van die vereistes vir regverdiging op grond van noodsaaklikheid is dat die aksie proporsioneel moet wees tot die dreigement of noodgeval.

Verduidelik wat hiermee bedoel word. (2)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 6

Onderskei tussen die volgende terme:

6.1 Die loop van die gereg verydeling (2)

6.2 Die loop van die gereg belemmer (2)
[4]

VRAAG 7

7.1 Die instemming tot seksuele omgang kan onder sekere omstandighede ongeldig wees.

Maak 'n lys van hierdie omstandighede wanneer toestemming tot seks ongeldig sal wees. (6)

7.2 'n Persoon wat by 'n perseel inbreek is nie noodwendig skuldig aan inbraak nie as hy of sy daarop geregtig is om die perseel op daardie tydstip te betree.

Noem VIER omstandighede waarin 'n persoon geregtig is om 'n perseel te betree. (4)
[10]

VRAAG 8

Verduidelik wat bedoel word deur die volgende algemene elemente van alle verkeersoortredings:

8.1 Bestuurder (4)

8.2 Voertuig (1)

8.3 Openbare pad (3)
[8]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9

Crimen Injuria kan op twee maniere gepleeg word, naamlik:

- Skending van 'n ander mens se menswaardigheid
- Skending van 'n ander mens se privaatheid.

Bespreek elk van hierdie twee maniere om crimen injuria te pleeg en gee EEN voorbeeld van elk.

9.1 Skending van 'n ander mens se menswaardigheid (5)

9.2 Skending van 'n ander mens se privaatheid (3)
[8]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 10

Lees die volgende uittreksel uit 'n artikel wat op 28 Oktober 2016 op die webtuiste News 24.com geplaas is en beantwoord dan die vrae.

PANAYIOTOU, 2 CO-BESKULDIGDE BACK IN DOCK FOR WIFE'S MURDER
By Tammy Petersen, *News24*

Port Elizabeth – Die beweerde moordmeesterbrein, Christopher Panayiotou en sy twee medebeskuldigde word Vrydag terugverwag in die Oos-Kaap se hooggeregshof.

Hulle het onskuldig gepleit.

Beweerde huurmoordenaar, Sizwezakhe Vumazonke, is in September oorlede.

Jayde, 29, is buite haar huis in Kabega Park, Port Elizabeth ontvoer, terwyl sy gewag het vir haar rygeleentheid na Riebeeck Park Hoërskool. Haar lyk is die volgende dag met 'n skietwond in 'n veld buite KwaNobuhle, Uitenhage gekry.

Daar word aangevoer dat Christopher Panayiotou, met die hulp van Sinethemba Nenembe en Zolani Sibeko, Sizwezakhe Vumazonke gehuur het om Panayiotou se vrou dood te skiet.

[Bron: *http://www.news24.com/: 28 Oktober 2016*]

Bespreek of Christopher Panayiotou skuldig is aan sameswering tot moord of moord self.

Indien hy skuldig is aan moord, is hy 'n mededader of 'n medepligtige?

Kopiereg voorbehou

Formuleer jou bespreking onder die volgende hoofde in die ANTWOORDBOEK.

10.1	Inleiding	(1)
10.2	Toepaslike definisies en sleutelelemente	(15)
10.3	Bevindinge	(4)
		[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou